in: focus fokus
MAART 2023

# ENERGIE DOELWITTE EN DIENSLEWERING STEEDS PRIORITEIT

**"Alleen kan ons nie die wêreld verander nie, maar elkeen kan 'n klip oor die waters gooi om so rimpelings te skep." — Moeder Teresa**

Aan die begin van elke jaar is daar by Innovation 'n versigtige optimisme oor 'n nuwe jaar vol nuwe geleenthede.

Daar is natuurlik ook 'n diepe bewustheid van die realiteit waarmee ons deurentyd gekonfronteer word, uitdagings tot ons volhoubaarheid en die balans tussen groei en stabiliteit. Dan is ek weer opnuut dankbaar vir elke donateursvriend, sakevennoot, die kerk en gemeenskapslede wat saam met ons die pad stap - ons waardeer jul insette en bydraes om hierdie organisasie op te lig in die moeilike tye en saam met ons die oorwinnings te vier.

Verlede jaar was weereens 'n transformerende jaar vir Innovation for the Blind, 'n jaar waarin ons nuwe geleenthede kon skep en waarin die Here ons geseën het op soveel verskillende maniere. **Ons is so opgewonde daaroor dat ons binne slegs 3 jaar reeds van ons 10 jaar doelwitte kon bereik ten opsigte van volhoubaarheid.** Dit beteken egter nie dat ons agteroor kan sit nie, maar is ons nog meer gedrewe in ons verantwoordelikheid om 'n strategiese plan in plek te sit wat ons visie om 'n meetbare verbetering in die lewenskwaliteit van persone met visuele gestremdhede te bewerkstellig.

Met die uitdagings tot kragvoorsiening in Suid-Afrika, asook ons behoefte om ekologies beter te doen, het ons vir onsself energie doelwitte gestel om te verseker dat ons kan voortgaan met die lewering van kwaliteit dienste op alle vlakke.

**Ons kon verlede jaar reeds ons tweede sonkragaanleg aanbring. Effektiwiteit by ons Finansiële en Administratiewe afdeling en Ons Winkel is essensieël om finansieël volhoubare dienste te lewer.**

Ons is ook baie dankbaar vir die ongelooflike ondersteuning van lojale donateurs wat dit moontlik maak om in 2023 ons bestaande sonkragaanleg uit te brei by **Ebenhaezer,** ons tehuis waar persone met meervoudige gestremdhede versorg word, maar ook die huis waar ons sentrale kombuis en washuis moet funksioneer om goeie versorging aan al ons inwoners te verseker.

Die voortsetting van volhoubare werksgeleenthede is natuurlik net so belangrik en daarom sal ons ook in 2023 'n sonkragaanleg installeer by ons **Metaalafdeling.**

Hierdie is 'n afdeling waar persone met visuele gestremdhede die gaping oorbrug tussen beskutte en ope arbeid.

*vervolg op bladsy 2*



OOGSORGMAAND GEVIER 3



BRAILLE-BYBEL BEKENDSTELLING 4



LANGKIERIE RALLY IN WORCESTER 7

NPO 011-891
023 347 2745
Kerkstraat 132, Worcester 6850
Posbus 933, Worcester 6849
info@innovationfortheblind.org
www.innovationfortheblind.org

INNOVATION FOR THE BLIND

Robert Ingersoll het gesê: **"We rise by lifting others"** en by Innovation glo ons dit volkome. Die grootste vreugde is wanneer ons kan deel daarin om vir iemand 'n geleentheid te skep waar hul kan groei en ontwikkel.

Dis met groot opwinding dat ons befondsing kon bekom om ons klein **masseerlokaal** op te knap en uit te brei en is daar nou twee spoggerige spa kamers! Ons gesamentlike onderneming wat ons destyds met Joseph Matheatau, die eerste blinde Barista in Suid-Afrika, gesluit het was vir ons baanbrekerswerk en is ons opgewonde om te deel dat **ons in die proses is om 'n tweede onderneming op die been te bring waar nog 'n persoon met 'n visuele gestremdheid meerderheid eienaarskap sal hê in die masseer en aromaterapie afdeling.**

**Terelga Bald** is 'n ongelooflike dinamiese vrou – sy het dalk haar sig verloor, maar definitief nie haar visie vir die toekoms nie. Sy is reeds vandat sy aangesluit het by Innovation 'n wonderlike ambassadeur, maar word eersdaags ook 'n volwaardige vennoot. Terelga en haar span van 3 masseuse is binnekort reg om lede van die publiek as kliënte te verwelkom by hierdie pragtige nuwe **Innovation Welstandsentrum**!

Ek staan soms verstom oor hoe die Here goed laat uitwerk en hoe Hy persone bymekaar laat uit kom. 'n Kort gesprek vroeër vanjaar het daartoe gelei dat **een van ons Barista-leerlinge nou 'n internskap voltooi** by die geskenke en koffiewinkel "ANNA" in Worcester. Dit laat my hart van trots bars om **FC Smit** te sien koffie maak met selfvertroue en vreugde in elke koppie koffie wat hy vir sy kliënte voorsit.

Die Worcester gemeenskap laat my opnuut glo in die ongelooflike vaardighede van persone met visuele gestremdhede. **Eersdaags kan kliënte in Ons Winkel ook by Verity Dyason heerlike koffie en cappuccinos koop.**

Ons is opgewonde oor die rimpelings van verandering en transformasie wat besig is om te gebeur in samewerking met soveel kosbare donateurs-vriende en vennote.

Mag 2023 'n jaar wees waarin ons realisties kyk na uitdagings, maar nooit ons optimisme verloor om 'n positiewe verandering te maak en te groei nie!



*Stephné Botha*
Uitvoerende Hoof



*Terelga (regs) tydens 'n praktiese sessie.*



*Colene Welsch (links) hoof van die Beauty Therapy Institute (BTI), Worcester, saam met Terelga tydens haar gradeplegtigheid op 10 November 2022. Foto: Jana Scheepers (Media24)*



*'n Besoeker ontvang 'n voetmassering by Willie Joubert, een van die sentrum se masseuse.*



*FC en Cassidy (kelnerin by ANNA) staan reg om kliënte te bedien.*




*Verity by sy koffiestalletjie by Ons Winkel.*

# NASIONALE TESTAMENTE-WEEK MAAK IMPAK

Die Regsvereniging van Suid-Afrika (LSSA) bemark jaarliks die Nasionale Testamente-week (gehou in September) om Suid-Afrikaners aan te moedig om 'n geldige testament in plek te kry. Deelnemende prokureurs bied aan om basiese testamente, teen geen koste vir hulle kliënte, op te stel.

Baie dankie aan **J. Naudé Prokureurs Ingelyf** wat ons inwoners met visuele en meervoudige gestremdhede gehelp het om hul testamente gratis op te stel. **Pionierdrukkery** het aangebied om die testamente gratis te brailleer vir ons braille-gebruikers.

# OOGSORGMAAND GEVIER MET VERSKEIE AKTIWITEITE

Oogsorgmaand is 'n jaarlikse hoogtepunt op ons kalender. Tydens 21 September tot 18 Oktober 2022 het ons verskillende projekte aangepak om bewustheid te skep oor die belangrikheid van oogsorg en die voorkoming van blindheid.

**Wenke en inligting** is deur die loop van die maand op ons sosiale media platforms gedeel en die publiek is aangemoedig om vir **gratis siftingstoetse** by oogkundiges te gaan.

Die **Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuine**, Worcester, het op 30 September 2022 hulle **braille roete** bekendgestel.

Die roete het omvattende braille beskrywings van die gesogte plantegroei, is rolstoel vriendelik, bied 'n oudio gids en sluit 'n interaktiewe uitstalling in. 'n Groep van Innovation for the Blind se inwoners met visuele gestremdhede het ook die geleentheid bygewoon.

Op 12 Oktober 2022 het 'n groep langkierie en gidshond gebruikers deelgeneem aan 'n **skattejag** in die Mountain Mill inkopiesentrum, Worcester. Die deelnemers het leidrade gekry en moes hulle weg vind na die onderskeie winkels waar hulle (en hul gidshonde) bederf is met items van dié winkels se rakke.

'n Groep uitgesoekte lede van die publiek is ook genooi om **geblinddoek** saam met 'n gids deur die winkelsentrum te stap om die leefwêreld van 'n persoon met visuele gestremdheid te beleef.

**Dit was 'n ongelooflike ervaring en ons is dankbaar vir ondersteuning van die publiek, die Mountain Mill Mall bestuur en ook elke winkel wat deelgeneem het.**

**DANKIE**

BOESMANLAND BILTONG ROXANNE SAUNDERS LE GATSBY



*Corrie Malan (bestuurder: fondswerwing & bemarking) begelei Mossie Basson (IftB beheerraad voorsitter) geblinddoek deur die Mountain Mill Mall.*



*Magdaleen Fourie (voor) haar gidshond, Helene, Sanet Wiese en haar gidshond, Onyx, het deelgeneem aan die skattejag.*



*Verskeie tegnieke is gebruik om geblinddoek die melk en suiker in die koffie te kry sonder om te mors.*



*Helene wag geduldig vir haar eienaar.*

## EERSTE O&M MINI-KONFERENSIE BY INNOVATION FOR THE BLIND AANGEBIED

Die eerste **OMASA** (Orientasie en Mobiliteits Assosiasie van Suid-Afrika) **mini-konferensie** is van 11 tot 13 November 2022 by Innovation for the Blind aangebied ter viering van die 100ste bestaansjaar van die langkierie.

**Oriëntasie- en mobiliteitspraktisyns (foto)** en ander belanghebbendes van regoor die Wes-Kaap het die geleentheid bygewoon en hul kennis en kundigheid met mekaar gedeel. Dr. Johan Pretorius en Terelga Bald, oriëntasie- en mobiliteitskliënte van Innovation for the Blind, het verduidelik watter impak hierdie opleiding op hulle lewens en onafhanklikheid gehad het.

Hierdie konferensie is deur ons eie **Sharon Goosen** (heel regs), Innovation for the Blind se oriëntasie- en mobiliteitspraktisyn, geïnisieer & met groot sukses gekoördineer.



# EERSTE 2020-UITGAWE BRAILLE-BYBEL BEKENDGESTEL



*Foto: Bybelgenootskap van Suid-Afrika*

Innovation for the Blind het 15 November, die eerste Afrikaanse Bybel van die 2020-uitgawe in braille bekendgestel.

André Steyn (foto), 'n Worcesteriet sedert 1983 en inwoner by Innovation for the Blind, het die eerste Afrikaanse braille-Bybel ontvang en 'n vers gelees tydens die geleentheid. Dié Bybel is gedruk deur Pionierdrukkery en die drukkoste is deur die Nederduitse Gereformeerde kerk se Wes-Kaap Moderamen en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gefinansier.

**Die Bybel bestaan uit 7 900 bladsye en is op bestelling beskikbaar by Pionierdrukkery.**

023 342 6313 • info@pioneerprinters.org.za

# BRAILLE-SKERM NODIG VIR SY WERK

**Het jy geweet die gesangeboek vir een kerk bestaan uit nege baie dik brailleboeke?**

Daarom het Morné van der Merwe, 'n plaaslike blinde proefleser, musikant en vertaler, hom na die skarefinansiering platform Back a Buddy gewend om fondse te genereer vir 'n Brailliant 40X brailleskerm ter waarde van R55 000.

"Hierdie toestel verbeter aantekeninge vir blindes en vergemaklik toeganklikheid van leesmateriaal in braille op 'n rekenaar. Ek kan dan hierdie toestel aan 'n rekenaar koppel en die inligting op die skerm sal onmiddellik in braille beskikbaar wees."

"Die brailleskerm sal my ook toelaat om die gesange wat ek nodig het om vir die kerk voor te berei as orrelis, op hierdie toestel te laai," het Morné aan Worcester Standard, 'n plaaslike koerant wat berig het hieroor, verduidelik.




*Morné en sy gidshond, Enzo, agter die orrel by 'n kerkdiens.*

Indien jy graag 'n bydrae wil maak, besoek "Innovation for the Blind" op die Back a Buddy platform of kontak:
023 347 2745
info@innovationfortheblind.org

# MAAND VAN LIEFDE (EN VRIENDSKAPPE) GEVIER



*Die inwoners geniet tee en iets te ete by Huis Jack Pauw*

Ter viering van die maand van liefde het die jong dames van Huis Jack Pauw (tehuis vir dames en getroude paartjies) die inwoners van Huis Brevis (tehuis vir bejaardes) genooi vir 'n koppie tee met die doel om nuwe vriendskappe te vorm.

Magdaleen Fourie en Julanda Goosen (beide blind) het 90 blommetjies gebrei en borsspelde vir elke inwoner van Huis Brevis gemaak.

Baie geluk aan Linda Venter - wenner van ons Valentynsmaand kompetisie! Hou ons sosiale media platforms dop vir soortgelyke kompetisies in die toekoms.

# JANINE VERTEENWOORDIG WES-KAAP IN DOELBAL


*Janine en Harry*


*Janine (regs) in aksie by die doelbal proewe*

Doelbal is 'n opwindende sport bestaande uit 3 deelnemers per span wat dan ook spesifiek vir siggestremde spelers aangepas is.

Alle deelnemers, blindes, swaksiendes en selfs siende deelnemers moet 'n oogmasker dra om te verseker dat geen deelnemer enige ligpersepsie of visie het nie. Deelnemers moet 'n bal (met 'n klokkie in as rigtingwyser) met hul hande rol in die teenoorgestelde rigting om punte te kan aanteken. Die opponent moet die bal met hul liggaam probeer keer om te verhoed dat die bal van die aanvallende span hul doelpale bereik.

**Ons is baie trots op Janine Barends wat tot die Wes-Kaapspan verkies is en ook deurgedring het om deel te neem aan die SA Doelbal Proewe wat in Maart 2023 gaan plaasvind.** Janine is 'n kranige sportvrou en is reeds 5 jaar by Innovation for the Blind, waar sy tans by "Ons Winkel" werk. Sy geniet om fiksheid- en doelbal-sessies vir ons siggestremde inwoners aan te bied.

Dit is 'n groot droom van Janine om in aanmerking te kon kom vir die SA doelbal proewe. Janine het dan ook einde verlede jaar die **Sportvrou van die Jaar trofee** by Innovation for the Blind gewen. Welgedaan Janine, jy is vir ons 'n groot inspirasie!

# HYKIE BERG RAAK HARTE BY OUT OF OFFICE GELEENTHEID

"God, grant me the serenity to accept the people I cannot change, the courage to change the people that I can, and the wisdom to know that that person is I."

Ons Out of Office geleentheid, aangebied op 7 September, was 'n ongelooflike, inspirerende oggend! **Hykie Berg**, bekende akteur, skrywer en spreker, het sy lewensverhaal met soveel deernis, gemak en humor gedeel dat mens nie anders kan as om in verwondering te staan nie. Hykie, ons het jou menswees en energie so baie geniet! Hierdie geleentheid was definitief die wag werd (hierdie geleentheid is al sedert 2019 in beplanning met Hykie).

**Ons is ook vreeslik trots op ons kelners, almal inwoners met visuele gestremdhede wat deel vorm van ons vaardigheids-ontwikkelingsprojekte. Hulle het hul so goed van hulle taak gekwyt tydens hierdie geleentheid.**

Baie dankie aan elke gas, borg en diensverskaffer wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid!


*Hykie besig met sy praatjie*


*Ons kelners saam met Hykie (middel)*

**DANKiE AAN:** Feedem · Johettepople Photography · Van Niekerk Glas · Sharon Truter Photography · Du Toitskloof · Stettyn · NG Gemeente Worcester-Vallei · Gift Lady · Louwna & Donnie Laubscher en span · Eagle's Cliff · Agri · Magnolian Design · Balance · Beans for Africa · Thera Vine · Ons Winkel · Maggie Roux

## DAGBOEK DIE DATUM

**Out of Office: 6 September 2023**

Desiré Gardner met haar gewilde eenvrou vertoning "Magda Louw"





# KERSFEESGESKENKE UIT DIE KAROO

Ons staan elke jaar in verwondering oor die aardse engele wat oor ons pad kom en ons seën!

Een van hierdie engele is **Marion Spence** wat jaarliks, in samewerking met die **NG Kerk Merweville**, ons inwoners bederf met Kersfeesgeskenke - veral diegene wat nie na familie of vriende kan gaan oor die feestyd nie. Ons was bevoorreg om toiletware en ander noodsaaklikhede te ontvang wat onder ons inwoners versprei kon word.

Ons opregte dank en waardering aan elke gemeentelid wat bygedra het tot hierdie projek.



*Inwoners en versorgers van Ebenhaezer, tehuis vir persone met meervoudige gestremdhede ontvang die skenking*

# BESOEKERS VERWELKOM NÁ PANDEMIE

Dis vir ons heerlik om weer besoekers op ons terrein te verwelkom en ook uitreike en groepoptredes by aftreeoorde en organisasies te doen.

'n Groep van **Velddrif** onder leiding van Ds. Charl van Rensburg, het 24 Februarie by ons besoek afgelê en 'n heerlike ontbyt geniet.

Sharon Goosen, oriëntasie en mobiliteitspraktisyn, het hulle meer vertel van die langkierie en hoe sy blinde persone oplei in die gebruik daarvan. Stephné Botha, uitvoerende hoof, het na afloop van die ontbyt 'n kort oorsig oor ons organisasie gegee. Issie Randall, Hennie Randall en Madelein van Zyl het ook 'n demonstrasie gedoen hoe Hennie en Madelein kommunikeer as doofblinde persone.

Die geleentheid is afgesluit deur 'n blinde inwoner, Marilene Beukes, wat die gaste betower het met haar mooi stem, haar keuse van liedjie was Amazing Grace.



*V.l.n.r.: Madelein, Issie, Hennie en Stephné kommunikeer d.m.v. gebare en vingerspel*

# PRODUKTE EEN VAN DIE DAE AANLYN BESKIKBAAR



Baie dankie aan elkeen wat ons ondersteun het by ons **Feedem Markdag & Teetuin**, **Worcester-Oos Kersfeesmark** en die **Robertson Feesmark**.

Ons produkte, handgemaak en verpak deur persone met visuele en addisionele gestremdhede, asook spesifieke reekse van die wol en katoen sal eersdaags **aanlyn** beskikbaar wees.

Hou ons sosiale media platforms dop vir die bekendstelling van ons aanlynwinkel.

# ROTARIëRS & AFFODILLE BEDERF BEJAARDES



*Die Kaapse Affodille vermaak die inwoners terwyl die Worcester Rotariërs (inlas) braai*

Baie dankie aan die **Worcester Rotariërs** wat ons inwoners van Huis Brevis, tehuis vir bejaardes, bederf het met 'n heerlike braai. Die hoogtepunt van die dag was definitief die optrede van die dames boeremusiek orkes, **Die Kaapse Affodille**, waarvan rotariër Leonie Pelteret lid is.

**Indien u graag by ons wil kom kuier of ons wil nooi om by u kerk, instansie of aftreeoord te kom kuier, kontak ons gerus by 023 347 2745 of stuur 'n e-pos na info@innovationfortheblind.org**

# INWONERS & PERSONEEL DEEL HUL STORIES TYDENS ALGEMENE JAARVERGADERING

Op 22 September 2022 is ons Algemene Jaarvergadering vanuit die Hein Wagner Academy regstreeks via sosiale media uitgesaai. Dit is die derde jaar wat ons hierdie geleentheid aanlyn aanbied.

Die program het 'n **vraag- en antwoordsessie** ingesluit met Joseph Matheatau en Terelga Bald, albei inwoners van Innovation for the Blind, wat vrae aan Stephné Botha, uitvoerende hoof, gevra het. Die vrae het onderwerpe ingesluit waaroor ons dikwels navrae kry, bv. hoe word daar bepaal waar 'n persoon inskakel in 'n tehuis of ondersteunde behuising woonstelle; en sou dit nie moontlik wees om van die werksafdelings van die verlede net bietjie te innoveer en dit weer te open nie?

Dit was met groot dankbaarheid dat ons ons finansiële state van FJ2022 met die gehoor kon deel. Stephné Botha het ook 'n kort oorsig gelewer oor ons versorgingsdienste, beskutte arbeid, vaardigheidsontwikkeling, sport en rekreasie projekte. **Die oorsig is ondersteun met verskeie video's en stemopnames van ons inwoners en personeel wat hulle stories met die gehoor gedeel het.** Carleigh du Plessis en Suretha Burger het die program afgesluit met 'n pragtige musiekitem.

**Baie dankie aan elke organisasie, donateurs-vriend, vennoot, rolspeler en familielid wat deel vorm van ons ondersteuningsnetwerk.**

Indien u die regstreekse uitsending van ons Algemene Jaarvergadering misgeloop het, kyk gerus na die opname op ons webtuiste, Facebook-blad of YouTube-kanaal. Die jaarverslag 2021/2022 is ook aanlyn beskikbaar op ons webtuiste.

**www.innovationfortheblind.org**



*Freek Barnard is reeds 56 jaar werksaam by ons Metaalafdeling*



*Ons tuinbouspan by NG Kerk Worcester-Oos, een van hulle kontrakte*



*Magdalena van Wyk werksaam by ons wassery*

# LANGKIERIE RALLY IN WORCESTER AANGEBIED

Die gewilde langkierie rally is op Saterdag, 4 Maart, by die Mountain Mill Mall, Worcester aangebied en die opkoms het alle verwagtinge oortref.

Die rally word jaarliks aangebied om bewusmaking te bevorder en om te kyk wie van die kliënte nog vaslegging benodig.

**Deelnemers was van onder meer Innovation for the Blind, Pionierskool vir Siggestremdes, Beacon Klub, Athlone Skool vir Blindes, Suid-Afrikaanse Gidshond Vereniging, *Cape Town Society for the Blind* en *Madrassa An-Noor for the Blind.***

Baie dankie aan PUMA, The Greenleaf Olive Company, The Promo Group, Twee Oseane Akwarium, *Coca-Cola Peninsula Beverages*, *Madrassa An-Noor for the Blind*, Worcester Gemeenskapsdiens, al die gidse en die bestuur en personeel van Mountain Mill Mall.



*Baie dankie aan al die deelnemers van die verskillende organisasies*







Dankie aan die 20 atlete wat Innovation for the Blind verteenwoordig in die **half-marathon** by vanjaar se **Two Oceans Marathon**.






Baie dankie **Gavin le Roux** van **Expedition North, Worcester** vir die skenking van twee stapkieries aan Hennie en Madelein (albei doofblind). Worcester is voorwaar die omgee hoofstad!


## NUUT!




Ons spog ook nou met ons eie reeks kits cappuccino en koffie sakkies!

**Grootmaat bestellings welkom.**

**Kontak Ons Winkel vir navrae en bestellings**
023 347 2745 | shop@innovationfortheblind.org




Raak só betrokke by ons
## "MANDELA DAY GENEROSITY" PROJEK

- Skenk bestanddele vir sop of help sop maak
- Skenk wol of help brei as deel van ons brei-willigheid projek (items word in die gemeenskap versprei)
- Dra finansieël by tot ons uitreike/projekte

## SMS 'BLIND' NA 40069 OM 'N R30 DONASIE TE MAAK.

Indien u van die poskantoor gebruik maak om ons nuusbriewe te ontvang, wil ons u graag aanmoedig om u e-pos adres aan ons te stuur om die nuusbrief elektronies te ontvang.

## DAGBOEK DIE DATUMS:

- ☑ **19 Apr** Business Brunch met Whitey Basson
- ☑ **5 Mei** Gholfdag ten bate van Blindes
- ☑ **15 Jun** IftB word 142 jaar!
- ☑ **18 Jun** Biddag vir Blindes
- ☑ **18 Jul** Mandela Dag
- ☑ **06 Sep** Out of Office met Desiré Gardner as "Magda Louw"